

# 24

## KERSFEESPROJEK

# Geskenke uit dankbaarheid

### **PRAKTYKLES**

#### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat ons met Kersfees geskenke vir mekaar gee uit dankbaarheid dat Jesus vir ons gebore is.

#### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

##### **Kennis**

Die kinders moet weet –

- die sterrekykers het vir Jesus geskenke gebring.
- ons gee ook vir mekaar geskenke met Kersfees.

##### **Gesindheid**

Die kinders moet –

- dankbaar wees dat Jesus gebore is.
- uit dankbaarheid vir geliefdes geskenke gee.

##### **Vaardigheid**

Die kinders moet –

- op 'n kreatiewe manier Kerskaartjies maak wat by Kersfees pas.
- hulde aan Jesus bring deur Hom te loof met die Kersliedere wat in hulle gemeente gesing word.

#### **MEER INLIGTING (Matteus 2: 11 en 12)**

Ons het al in die vorige les geleer dat sterrekykers uit die ooste aan die Kind Jesus hulde gaan bewys het.

Hulle is deur 'n ster gelei tot by Jesus. Hy was nog 'n baba en by sy moeder, Maria. Die sterrekykers het in die huis ingegaan en vir Jesus geskenke gegee. Dit was baie kosbare geskenke. *Goud* is in die Bybel se tyd baie hoog waardeer en veral vir juwele gebruik. Hulle het van goud byvoorbeeld ringe en armbande gemaak. *Wierook* was baie duur. Dit is deurskynende gom wat uit die bas van 'n struik te voorskyn gekom het. As dit droog geword het, is dit in ronde stukke saamgedruk. Dit was liggeel van kleur en het maklik en helder gebrand as dit in die vuur gegooi is. Dit het dan 'n lieflike geur afgegee wat soos parfuim aan klere gekleef het. *Mirre* was net so kosbaar soos wierook. Dit het ook van 'n struik af gekom waarvan die hout en die bas baie lekker geruik het. Dit is sommer die mirrebossie genoem. Mirre is rooibruin van kleur. Mirre-olie is as 'n parfuim gebruik en mense het dit aan hulle gesmeer. Hulle het ook hulle klere en beddens daarmee deurtrek. Met hierdie duur geskenke het die sterrekykers hulde aan Jesus gebring. Deur hulle geskenke het hulle gewys hoe bly hulle was oor Jesus se geboorte.

Met Kersfees gee ons ook graag geskenke vir mekaar. Ons doen dit omdat ons bly is oor Jesus se geboorte. Wanneer ons 'n Kersgeskenk gee of ontvang, dink ons aan Jesus se geboorte. Dit gaan nie eintlik oor die geskenk nie, maar oor Jesus wat God se geskenk vir ons is. Die grootste geskenk wat ons aan God kan gee, is om Hom te dien en te aanbid.

## **AANBIEDING**

Jy het nodig:

- Die Bybel.
- 'n Vraestel uit die hersieningsles se vraebank.
- Versierings en afvalgeskenkpapier vir die maak van Kerskaartjies.
- Papier of karton.
- Gom.
- Kleurpotlode.
- Penne.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met gebed.

## **HET HULLE ONTHOU?**

- Kontroleer of hulle die ontbrekende woorde van Psalm 23 ingevul het.
- Laat hulle die vraestel uit Lesse 13-22 skryf.
- Gee die antwoorde terwyl die een die ander een se vraestel merk.
- Neem dit in.

## **Psalm 23: 1-6**

Die Here is my herder  
'n Psalm van *Dawid*.

Die *Here* is my herder,  
ek kom niks kort nie.  
Hy laat my rus in groen *weivelde*.

Hy bring my by *waters*  
waar daar *vrede* is.  
Hy gee my nuwe *krag*.  
Hy lei my op die *regte* paaie  
tot die eer van sy *Naam*.

Selfs al gaan ek deur donker *dieptes*,  
sal ek nie *bang* wees nie,  
want U is by *my*.  
In u *hande* is ek veilig.

U laat my by 'n *feesmaal* aansit,  
terwyl my teëstanders moet *toekyk*.  
U ontvang my soos 'n *eregas*,  
ek word oorlaai met *hartlikheid*.  
U goedheid en *liefde*  
sal my *lewe* lank by my bly  
en ek sal *tuis* wees  
in die *huis* van die Here  
tot in lengte van *dae*.

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

In die vorige les het ons geleer dat die sterrekykers uit die ooste hulde gaan bewys het aan die Kindjie Jesus. Die sterrekykers het vir Jesus geskenke gegee. In daardie tyd was goud, wierook en mirre kosbare en duur geskenke. Hulle het met die geskenke gewys dat hulle bly was oor Jesus se geboorte.

Ons gee ook op Kersdag vir mekaar geskenke. Wanneer ons 'n Kersgeskenk gee of ontvang, moet ons dink aan die geboorte van Jesus.

### **IETS INTERESSANT**

Dra die inhoud by MEER INLIGTING aan die kinders oor.

### **IETS BELANGRIK**

Herhaal die volgende weer:

- Dit was kosbare geskenke wat die sterrekykers by Jesus se geboorte gegee het.
- Hulle het goud, wierook en mirre gegee:
  - o Goud – is hoog waardeer en gebruik vir juwele soos armbande en ringe.
  - o Wierook – was baie duur. Dit is 'n deurskynende gom. Dit het maklik en helder gebrand as dit in die vuur gegooi is.
  - o Mirre – was ook baie duur. Mirre-olie is as parfuum gebruik, en mense het dit aan hulle gesmeer.
- Ons gee vir mekaar geskenke met Kersfees.
- Ons doen dit omdat ons bly is oor Jesus se geboorte.

- Jesus is die grootste geskenk wat God vir ons gegee het.
- Die grootste geskenk wat ons aan God kan gee, is om Hom te dien en te aanbid.

### **IETS OM TE DOEN**

- Gebruik jou eie inisiatief en idees om Kerskaartjies te maak.
- Voorsien karton of papier en versierings aan die kinders of gebruik die versierings wat die kinders saamgebring het.
- Laat hulle Kerskaartjies maak wat hulle vir hulle ouers of maats kan gee.

### **BY DIE HUIS**

#### **DOEN**

- Laat hulle Kersgeskenkies gaan maak vir hulle ouers, boeties of sussies – dit is nie altyd nodig om duur geskenke te gaan koop nie.
- Of laat hulle geld spaar en uit hulle eie sak Kersgeskenke koop.
- Moedig hulle aan om op Versoeningsdag, 16 Desember, en Kersdag saam met hulle ouers eredienste by te woon.

#### **AFSLUITING**

- Daar kan met die kategesehoof gereël word vir 'n gesamentlike afsluiting waar Kersliedere gesing en verversings na die tyd bedien word.
- Elke klas kan ook afsonderlik afsluit deur 'n bekende Kerslied te sing en 'n gebed te doen.